# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***1/23***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr I. Potgieter, tel.: 082-809-7022; e-pos: ignatius@mpicfinance.co.za. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

***Van die Komitee***

Ons verwelkom as nuwe lede van ons Stigting me. Santi Basson ( MA in Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch) wat in die Moordenaarskaroo en soms op Somerset-Wes woon, Dr Estelle Verburgh, 'n medikus verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, Me. Elmarie Leonard, eiendomsagent en bewarings-entoesias van Langebaan, mnr Alwyn van der Merwe, 'n prokureur van Kaapstad, Dr Louis Smith (Harvard universiteit), afgetrede ortodontis van Langebaan, Mnr Igmar Potgieter, 'n finansiële adviseur en maatskappy direkteur van Kaapstad, mnr Cameron Peters, toergids van Kaapstad, mnr Dries Venter, voorsitter van die Weskus Nasionale Park se ere-veldwagters, en Dr Paul van der Laan van Amersfoort in Nederland; hy het Teologie en Geskiedenis gestudeer en doen onder andere navorsing oor sy voorvader, Joan van der Laan, wat twee maal admiraal van VOC-retoervlote was en na sy aftrede 'n kolonel in die beleërde Prins se strydmag tydens die Rampjaar. Mag hul lidmaatskap van ons Stigting lank, gelukkig en wedersyds voordelig wees.

Ongelukkig moet ons ook ou staatmakers soos Dr Gerrit Wiechers, Roelf Brits en Calla Wessel groet. Al drie was jare lank lede van ons Stigting, en het uitstekende diens aan die Stigting gelewer. Gerrit was ook 'n getroue komiteelid en 'n goeie organiseerder. Die Nedederlandse koningin het hom met 'n ridderskap vereer vir sy diens aan die Nederlandse gemeenskap in Suid-Afrika. Roelf is ook 'n jarelange lid, wat altyd ons AJV's en lesings van ver uit die noordelike voorstede bygewoon het, 'n entoesiastiese reisgesel op al ons uitstappies, en het gereeld 'n draagbare luidspreker voorsien vir buitelug praatjies. Hy het ook die lys van VOC-datums opgestel waaraan ons nou werk en wat binnekort op ons webwerf sal verskyn; dit is 'n blywende monument vir hom. Calla Wessel, 'n afgetrede rekenmeester, was ons Stigting se getroue en bekwame Tesourier, wat nou ons komitee om gesondheidsredes verlaat. Hulle het ons Stigting gehelp om te groei, en ons is hulle blywende dank verskuldig.

Die Komitee het op 27 Januarie met die FAK se Kaapse bestuur vergader om gesamentlike aktiwiteite te beplan vir die 250ste herdenking van Wolraad Woltemade se heldedaad op 1 Junie 1773. Ons sal lede oor die vordering daarvan ingelig hou. Op Dinsdag, 28 Februarie het ons 'n kort bekendstelling van die projek op Radio Sonder Grense gelewer. Dit is as 'n potgooi op hul webwerf beskikbaar.

Ons eerste komitee vergadering, hoofsaaklik ter voorbereiding van die komende AJV, was op 11 Februarie 2023. Op ons 28ste Algemene Jaarvergadering op 25 Maart 2023 is die bestaande komitee herkies, met mnr Ignatius Potgieter as nuwe Tesourier en mnr Alwyn van der Merwe as bykomende lid. Die komitee is nou aansienlik jonger as tevore.





Foto: E. Rode Foto verskaf.
v.l.n.r. Mnre V.van Heerden, A. Giardini (voorsitter), R. Rode (sekr.), D. Sleigh, I Potgieter (tesourier), J. du Plessis, regs: A. van der Merwe.





**Voorsittersrede: A Giardini** **Gasspreker: Prof. W van Zyl**
Foto's: J du Plessis

Die AJV is deur twintig lede bygewoon. Een belangrike voorstel was dat die Tesourier voortaan rekeninge vir ledegeld aan lede sal stuur, omdat ons lede agter raak in die betaling daarvan.

Ons program van opvoedkundige uitstappies en lesings word voort gesit. Daar is op die volgende besluit: 'n uitstappie na die Strandveld en Kaap Agulhas omgewing, teen ongeveer die middel van Mei (twee nagte uit). Dit sal besoeke insluit, onder leiding van die Agulhas Erfenis Vereniging, aan onder andere die Agulhas Vuurtoring museum, die Kaap se mees suidelike wingerdplaas, die Sendingdorp Elim, die historiese plaas Soetendaalsvlei en SA se grootste binnelandse water, die dorpie Arniston en die Bredasdorp Skeepswrakmuseum. Ons het ten minste 25 deelnemers nodig om 'n toerbus te bekostig, teen 'n prys van omtrent R2000 per deelnemer. Persone wat eie vervoer en eie losies in die toergebied verskaf sal beslis minder betaal. Voordat ons kan begin om reëlings te tref, moet ons vas stel hoeveel belangstelling vir die toer bestaan. Wees asseblief so vriendelik om voor 6 April aan ons Sekretaris Rudolf te

skryf, by voorbeeld: '*Jan, San en Bettie Smit stel belang in die Strandveld toer, per* toerbus' of 'met eie vervoer.'

Die volgende gratis lesings word vanjaar by SASNEV aangebied. Meer inligting oor die verskillende lesings sal voor elke lesing bekend gemaak word.


22 April: Me. Joan Kruger oor haar boek *Wieg,* 'n biografie van die Hugenoot Marie Buisset, vroedvrou in die distrik Stellenbosch en later stadsvroedvrou van Kaapstad, in die VOC-diens.
3 Junie: Dr D. Sleigh, oor Wolraad Woltemade; die man, sy leefwêreld en sy heldedaad, 250 jaar gelede.
2 September: Ds M. Breytenbach, oor sy argeologiese werk op die gewese VOC-buitepos Vissershok in die Tygerberg.
4 November (voorlopig): Dr K. Jennings, oor die rare Kommandeur Z Wagenaar, Van Riebeeck se opvolger.

Die Komitee vergader weer op 8 April om na 18 April die plaaslike bestuur van ons Stigting te bespreek gedurende Voorsitter Alex se afwesigheid oorsee, om sy MA-studie voort te sit. Ons wens hom voorspoed daarmee.

Na afloop van die AJV is 'n boekemark gehou, gereël deur ons lid Prof. Wium van Zyl en voorsitter Alex in samewerking met SASNEV en die Nederlandse biblioteek, waar allerhande eersteklas Africana boeke te koop was. Die verkope was nie na verwagting nie. Was daar te veel boeke, te min kopers, 'n gebrek aan spaar geld of 'n gebrek aan jong entoesiaste wat hul eie boekerye wil opbou?

Komiteelede Alex en Jaco het hul interaktiewe landkaart van VOC-plekke (byv. forte, drostdye, buiteposte, skeepswrakke, ens.) in Suid-Afrika verder uitgebrei. (Kyk op ons webwerf: www.voc-kaap. org.za)

**Collector's Corner**



Land grant for the sexton of the Strooidakkerk, Paarl, 1783.

Embossed Revenue 10 Rds 1750. Signed Hacker.

Diagram: C:H: Leiste (Surveyor)

Joachim van Plettenberg, as Govenor, grant this land to the verger of the Paarl Church, Hartwijk Johannes Luttig. An erf situated in Paarl measuring 2 morgen.

Signed in The Castle of Good Hope. 9 December 1783

VOC seal in red wax Signed: J:v: Plettenberg

J: Bergh (Councilor & Secretary) Dr M Barter

Ontleding: Dié rare en goedbewaarde dokument is ’n goeie voorbeeld van ’n standaard grondbrief soos deur die VOC aan die Kaap uitgereik is; die Kompanjie beskou hom self as eienaar / besitter van al die grond, en lê met die uitreiking sekere verpligtings op die ontvanger. Die teks se bewoording is ook standaard, dit bly in hoofsaak dieselfde vir alle uitreikings, met net die name, mates en die landmeter se sketse wat van brief tot brief verskil.

Waarnemende goewerneur Joachim baron Van Plettenberg het in dié geval bykomende grond, geleë aan die *‘Waegen weng* (sic) *naer de Caap*’ (nou Hoofweg, Paarl) aan koster HJ Luttig van die Paarlse kerk (nou die Strooidakkerk) toe geken. Die twee landmeters CH Leiste en B. Aling se aantekeninge (regs bo en links bo) bevat inligting wat dit moontlik maak om sonder ’n besoek aan die Aktekantoor naasteby te bepaal waar Luttig se grond geleë was; die aangrensende eiendom is naamlik ‘Freedenburg.’

Koster Hartwig Johannes Luttig was die seun van stamvader Helmuth Lüttig, ’n meulenaar van Grabow in Duitsland wat in 1790 as vryburger in die Paarl oorlede is. [J. Hoge: *Personalia of the Germans at the Cape*, p. 253.] Hartwig is in 1747 gedoop en was getroud met Magdalena du Plessis (9 kinders) maar sy sterfdatum is onbekend. [De Villiers en Pama, *Geslagsregisters van ou Kaapse Families, deel II,* p.515.] Luttig of sy erfgename het die erf (of ’n deel daarvan) in 1809 verkoop, dit was later in besit van Josua le Roux, eienaar van die plaas Pontak, en in 1844 is die Paarl se eerste landdroskantoor op die erf gesetel. Die gebou Hoofweg 188, Paarl is ’n verklaarde provinsiale gedenkwaardigheid. Dit plaas die erf in Suider-Paarl, waar die ou plaasname Pontak en Vredenburg nog aan weerskante van die beroemde Strooidakkerk bestaan. [JJ Oberholster: *The Historical Monuments of SA*, p.88; C165 Resolusies van die Politieke Raad, 9.12.1783, p. 396.]





Foto’s: Louis Louw

Iets onduidelik omtrent dié geval is dat Hoofweg 188 (nou deur Boy Louw Prokureurs gebruik) aan Paarlberg se kant van Hoofweg staan, terwyl die grondbrief duidelik beskryf dat Luttig se erf van die '*wagenweg*' af in die rigting van die Bergrivier strek. 'n Besoek aan die Aktekantoor is dus nodig om die onderverdeling vas te stel. Met dank aan ons lid Louis Louw van die Paarl vir inligting en foto's.

**Dr Van Rooyen se lesing**

Belangstellendes het na afloop van Dr Alberta van Rooyen se uitstekende lesing in November 2022 oor die VOC se aktiwiteite in die Buffelsvallei /Tokai omgewing, om bronwysings gevra. Sy het beloof om dit te voorsien, en dit word hier onder geplaas. Dit is ook eersteklas aanvullende leeswerk van algemene aard, vir almal wat in vroeë Kaapse geskiedenis belang stel.

Verwysings:
1.Bredekamp, H.C. 1980. 'Die grondtransaksies van 1672 tussen die Hollanders en die Skiereilandse Khoikhoi', *Kronos: Journal of Cape History,* Vol 2
(1) https://journals.co.za/doi/10.10520/AJA02590190_445. Retrieved: 28 April 2022.
2) Bredekamp, H.C. 1987. 'Tot afschrikt van andere. Die VOC-regstelsel en geweld ten opsigte van die Khoisan aan die Kaap, 1677-1705', *Kronos: Journal of Cape History*, Vol. 12 (1), pp.8-12, 1 January. https://journals.co.za/doi/10.10520/AJA02590190_569. Retrieved: 28 April 2022.
3) Upham, M., 2020. 'The Dutch purchase (19 April 1672) of the Cape District and the Hottentots-Holland, thereby legitimizing occupation (since 1652) of their Cape of Good Hope colony at the tip of Africa'. At https://mansellupham.p Retrieved: June 2021.

**Opvoedkundige naambord: Gantouw Pas**





Foto van http://helderbergbasin.blogspot.com/.  Foto: HM Scheffler.





Fotos: Louw

Ons Stigting het by SANRAL aansoek gedoen dat ’n gewone naambord langs die Sir Lowry’s Pas, aan die voet van die historiese Gantouw Pas, geplaas word om sy ligging aan verbygangers bekend te maak en dié eeue oue Koina naam van vergetelheid te red. Die historiese pas is in 1830 deur die Sir Lowry’s Pas vervang, en is 1958 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die groewe wat deur die eeue deur honderde wawiele se yster vellings in die sandsteen rotse geslyt is, is nog sigbaar, maar dit het moeilik en selfs gevaarlik geword om te besoek, behalwe as lid van ’n groot groep entoesiaste.

**Nuwe boeke**




**1. *Hoogtij van Holland***




Puimsteen. (Foto: Louis Smith)

Henk ’t Jong se boek *Hoogtij van Holland* is nie ’n VOC-boek nie maar ’n geskiedenis van die graafskap Holland in die laat-Middeleeue. Tog bevat dit belangrike inligting wat sorg vir ’n goeie begrip van die VOC se probleme met skeepvaart en die oorsaak vir sy maritieme diensstasie aan die Kaap. Hier is ons vandag, maar waarom? Na lang wetenskaplike ondersoek van vulkaniese as in yslae, is daar in 2012 vasgestel dat die reuse uitbarsting van die vulkaan op Lombok-eiland in Indonesië in 1257, gevolg deur verdere uitbarstings in 1268, 1275 en 1284, ’n


digte rookwolk in die aarde se atmosfeer gestoot het wat om die aardbol versprei, die son se lig en warmte van die aarde af gekeer en die aarde se oppervlakte temperatuur met ’n paar grade laat daal het. Van 1300 af was die Noordelike winters lank, donker en koud met veel meer reën, sneeu en ys as tevore. Die Oossee (Baltiese-) en soms ook die Suidersee en riviere en gragte in Nederland was solied bevrore,

Die klimaat toestand het as die Klein Ystyd bekend geword, met sy laagtepunt in die 16de en 17de eeue. Die somers was kort en nat, die winters lank en bevrore. In 1315 het die graan, groente en vrugte oeste die eerste keer gefaal. Daar was geen weiding of voer vir die vee nie. Diere moes voor die winter geslag word. Kos het onbekostigbaar duur geword; hongersnood met baie sterftes het daar op gevolg. Plattelanders het na die stede gevlug, en die armoede het misdaad soos diefstal en moord laat toe neeem. Op land het die gebrek aan vitamienryke voedsel tot die algemene voorkoms van *scorbut* (‘skeurbuik’) onder die armer bevolking gelei. Duisende van die siekes het as matrose of soldate in die VOC se diens getree. [*Historiek*, 24.1.2023.]

Suid-Afrika is ’n vulkaanvrye land; die naaste aktiewe een is, dink ek, op Reunion-eiland, 4000 km van Kaapstad af. Maar ons is nie buite hulle bereik of invloed nie. Hier bo is ’n foto van ’n groot blok vulkaniese puimsteen uit ’n Indonesiese vulkaan (of van Reunion in die Indiese Oseaan) wat duisende kilometers om Kaap Agulhas gedryf en op ’n strand in die Weskus Nasionale Park opgespoel het. Tristan da Cunha se vulkaan is 2800 km wes van Kaapstad en die stuk steen kon wel met die Westelike Dryfstroom aan gekom het, maar dit was laas in 1963 aktief.

-’n Belangrike nuwe aanwins by die Nederlandse Biblioteek by SASNEV in Pinelands is die historikus Piet Emmer se *Slawerny in Nederland, 1500-1850.* Dit is volledig, deeglik beskryf en totaal objektief, sonder die emosie of sentimentaliteit wat dikwels in modern boeke oor slawe gevind word.

**’n Nuwe resensie**




Ons het reeds ’n resensie geplaas van Dr Jan Malan se *Die Stranding van die VOC-skip* Schoonenberg, maar ons sekretaris Rudolf het ’n ander resensie ontdek, geskryf deur ons Stigting se ere-lid Prof.(emiritus) Gerrit Schutte, wat in *De Telegraaf* verskyn het. Ek plaas dit omdat dit ’n voorbeeld is van Prof. Schutte se deeglike werk, gemaklike skryfstyl en uitgebreide kennis van die Kaapse geskiedenis en van die VOC internasionaal.

*Vragen over de stranding van een VOC-schip, Struisbaai 1722* - *Prof. Gerrit Schutte*

In de nacht van 19 op 20 november voer het VOC-retourschip *Schoonenberg* in volle vaart op het Northumberland-rif voor het nu Skoonbergbaai genoemde deel van de Struisbaai, ten noordoosten van Kaap Agulhas.

De *Schoonenberg* was nog maar vijf jaar oud, had een bemanning van 110 koppen en een kostbare lading van peper, sappanhout, poedersuiker, koffie en thee. Het schip maakte water en van reparatie was geen sprake. De bemanning stak de 800 meter veilig over naar het strand. Behalve schipper Albertus van Soest. Hij verklaarde dapper dat hij „zo lang in ’t schip soude blijven als er nog hout boven water was.”.

*In ongenade*

Scheepsrampen (en de hedendaagse tweeling, vliegtuigongelukken) maken grote indruk en ze blijven dat doen. Het vliegtuigongeluk op Faro wordt na een halve eeuw plechtig herdacht, de *Titanic* is na meer dan een eeuw steeds weer nieuws en maritime archeologie leeft van scheepswrakken. In voorgaande eeuwen was de belangstelling ervoor niet minder. De Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) liet honderden schepen varen en tientallen daarvan leden schipbreuk. De VOC liet dan steeds onderzoek doen, want zij leed aan schip en ladingen bij zo'n ramp een miljoenenstrop (in een tijd dat een miljoen veel meer was dan nu). En de mensen in de havensteden rouwden, want er kwamen soms honderden schepelingen bij om. Zij spraken er over, wilden details van de ondergang weten, het lot van schipbreukelingen, want wie had geen varensman in de familie? Dus drukten drukkers die verhalen, over de *Aernhem,* de *Batavia*, de *Gouden Buys* en zoveel andere. Het *Journaal van Bontekoe* werd zelfs eeuw na eeuw herdrukt. Over de *Schoonenberg* en zijn schipper met zijn heldhaftige woorden verscheen geen boek. Integendeel. Ik lees dat de VOC in de monsterrol het einde van het contract van Van Soest liet noteren:

‘15 december 1723, reden: *weggelopen,* 'gefugeert'. En ook dat de Raad van Justitie van de Kaap hem had ontslagen van zin *ampt, qualiteit en gage* als schipper, met confiscatie van zijn goederen. Wat was er allemaal gebeurd?

Na twee dagen en nachten op zijn verongelukte schip had schipper Van Soest er genoeg van. In de eerste dagen was aan het strand een tent opgericht en werden water, allerlei dranken en andere goederen van het schip overgebracht, terwijl de meeste opvarenden zich danig tegoed deden aan die drank, van achter de toppen van de duinen bekeken door enkele Khoikhoi uit de omgeving. Na een paar dagen begon een grote groep schepelingen de wandeling naar Kaapstad. Na een anderhalve week bereikte 84 man *Onverwacht,* de boerderij van Morkel in Hottentots-Holland, vanwaar de Compagnie hen na enige tijd naar Kaapstad vervoerde. Boer en slachter Van der Heijden (*Vergelegen*) diende achteraf een rekening in van bijna 700 guldens, voor de voeding van de schipbreukelingen op *Vergelegen* en aan het strand, plus wagenhuur.

Zo 'n twintig man bleef aan het strand, ze haalden elke dag goederen uit het wrak en verminderden de voorraad drank in hoog tempo. Aan boord waren orde en discipline streng gehandhaafd, maar die was na de schipbreuk geheel verdwenen. Schipper Van Soest had geen gezag meer, hij vreesde zelfs door belhamels te worden doodgestoken. Die laadden de sloep vol met buit uit het schip, maar slaagden er niet in ermee de baai uit te komen. Dus namen ze een deel van de buit op de rug en gingen te voet. Slechts met enkele getrouwen bewaakte de schipper wat van de lading aan land werd gehaald, in de hoop op snelle hulp.

Het zusterschip waarmee de *Schoonenberg* in konvooi voer, melde al vier dagen later het nieuws van de schipbreuk in Kaapstad. In de verre omgeving van de Struisbaai woonden geen kolonisten, maar enkele Khoikhoi informeerden op 30 november Jacques Malan, de eigenaar van

*Morgenster* (voormalig deel van *Vergelegen*). Hij informeerde de instanties en stuurde direct een wagen met hulpgoederen naar Struisbaai, die op 6 december bi schipper Van Soest arriveerde. Diezelfde dag kwamen ook een paar hoge Compagniesdienaren; zij spraken met Van Soest, bezochten het wrak en trokken de volgende dag terug naar Kaapstad, met de scheepspapieren en een brief van schipper Van Soest. Er kwamen in de weken erna allerlei bezoekers bij het wrak, die allemaal met wagens beladen met vrachtgoed weer vertrokken. Het is duidelijk dat niet al die lading keurig bij de Compagnie ingeleverd werd.

Ook schipper Van Soest bracht zijn eigendommen (inclusief de goederen die hij in opdracht van particulieren meenam) op *Vergelegen* in veiligheid, heel wat meer dan de paar scheepskisten die de VOC hem formeel toestond. Zelf kwam hij op Oudejaarsavond 1722 aan in Kaapstad.

De schipbreuk koste dus geen slachtoffers, alle schepelingen bereikten Kaapstad. De meesten van hen verlieten na enige tijd de Kaap, waren in dienst genomen op passerende VOC-schepen. Gouverneur De Chavonnes en de Politieke Raad deden hun best schip en lading te redden, maar lieten na enige tijd het wrak in brand steken (in 1985 vonden duikers nog restanten). Zij vreesden dat de *Schoonenberg* andere schepen zou doen denken dat er een veilige haven was - een schip op het strand is een baken op zee.

*Een slap vonnis*

Resteerde het opstellen van een verslag aan Heren XVII. Voorschrift was dat een  juridisch onderzoek naar de schipbreuk werd gedaan, met name om de schuldige(n) van de ramp te vinden. Dat laatste was geen eenvoudige zaak. Er deden bovendien allerlei verhalen en geruchten de ronde over de vraag hoe het mogelijk was dat de *Schoonenberg* op het rif was beland. Van Soest was een ervaren zeeman. Als opperstuurman en schipper had hij sinds 1710 al enkele malen de reis van Batavia naar de Kaap gemaakt. Er was een sterke wind, maar geen storm. Hadden schipper en stuurlieden allemaal zitten slapen? Ze gaven uiteraard elkaar de schuld, en ook de matrozen die aan het stuur stonden, uitkijk waren of het dieptelood hanteerden. Achteraf zal misrekening in de plaatsbepaling en kompaslezing de belangrijkste oorzaak zijn geweest, plus de overtuiging nog vele mijlen van de kust te varen en onderschatting van de snelheid en afgelegde afstand. Toen het rif werd gezien, was het te laat om het te ontlopen.

Onder de bemanning ontstond de gedachte dat het schip doelbewust op het rif was gezet, om de schipper de gelegenheid te geven de lading ondershands te verkopen. Misschien zelfs in vooroverleg met Kapenaren op de heenreis? Waarom waren Malan (*Morgenster*), Van der Heyden (*Vergelegen*) en Hendrik Klopper (*Uilenkraal*) zo snel bij het wrak en reden ze wekenlang heen en weer tussen hun *plase* en het wrak? De rechtbank door de Kaapse Gouverneur ingesteld verklaarde na uitvoerig onderzoek iedereen onschuldig van opzet, maar er zou wel sprake zijn geweest van onachtzaamheid; schipper Van Soest werd daarom ontslagen en zijn bezittingen aan de Kaap werden geconfisqueerd.

Een slap vonnis over 'een schandalous verseijld schip', vonden Heren XVII. Van Soest moest aangepakt worden, zijn bezit afgenomen en hij moest opgezonden worden naar Nederland, om daar te worden bestraft. Toen die opdracht Gouverneur en Politieke Raad bereikte, had Van Soest al in januari 1724 op een Engels schip de Kaap stiekem verlaten.

Verhalen en geruchten over de schipbreuk van de *Schoonenberg* bleven aan de Kaap ronddolen en werden later door allerlei schrijvers doorverteld. Was er niet een schat begraven op

*Vergelegen*? Was de slavenbel op *Welmoed* aan de Eersterivier niet de scheepsbel van de *Schoonenberg*, die lang op *Vergelegen* lag? Hadden Van der Heyden en Malan voorkennis? Hadden ze een bondje met Van Soest gemaakt over de goederen uit de *Schoonenberg*?

Jan G. Malan, zoveelste generatie nakomeling, had genoeg van die geruchten en verhalen. Hij wilde de ware geschiedenis kennen, trok de feiten kritisch na, en schreef tenslotte een helder boek (bovendien mooi geïllustreerd met prima foto's). Het eerste boek over de *Schoonenberg* en haar schipbreuk. Malan heeft goed onderzoek gedaan, met name in het Kaapse archief. Zijn bevinding is dat de *Schoonenberg* niet doelbewust verongelukte. Die slavenbel is niet de scheepsbel van de *Schoonenberg*. Wat minder zeker is hij over het lot van al die goederen die van het wrak gered werden, maar wie had anders verwacht?

Het is een beetje jammer dat Malan geen onderzoek heeft gedaan in het Nationaal Archief in Den Haag. Misschien had hij daar antwoord gevonden op de vraag waarom Van Soest zo hard is aangepakt door de VOC. Of beschouwde Heren XVII elke schipper van een verongelukt schip schuldig? De stuurlieden daarentegen hebben gewoon hun gages uitbetaald gekregen, ontdekte ik. De eerste stuurman, Willem Verbeek, fungeerde in 1726-'27 gewoon weer als stuurman, en de carrière van de derdewaak Dirk Prest ging uitstekend, in 1732 werd hij schipper.

Een andere kwestie was de naamgeving van de *Schoonenberg*. Malan noemt twee mogelijkheden. Het schip was genoemd naar de Nederlandse diplomatieke vertegenwoordiger op het Iberisch schiereiland, Van Schonenberg, overleden in het jaar van de doop van de *Schoonenberg* (1717). Die diplomaat behoorde tot de Spaans-Joodse familie Belmonte, in het Nederlands Van Schonenberg. Het kan zijn, maar de VOC was zeer karig met het vernoemen naar mannen. Of het schip was genoemd naar het landhuis Schonenberg in Driehuis (Velsen), eigendom van een van de VOC-bewindhebbers, Trip. Veel bewindhebbers mochten inderdaad om de beurt namen aan schepen geven en velen vernoemden die inderdaad naar hun landgoed.

Alleen: in 1717 was het landgoed niet in bezit van een Trip, maar van Herman Rendorp. En was die wel bewindhebber? Alleen het VOC-archief kan misschien uitsluitsel geven wat de relatie tussen Belmonte, Van Schonenberg, Schonenberg, *Schoonenberg* en Skoonbergbaai is geweest.

- Jan Malan: *Die Stranding van die VOC-skip Schoonenberg: Waarheid en Verdigsel. Struisbaai, 1722*
- Pinelands: Africana Uitgewers, 2017
- ISBN 9788-0-6399111-1-3, 160 blz., R 225. (Hierdie boek was een van Africana Uitgewers se laaste publikasies. Met die heengaan van Piet Westra het die uitgewery op gehou om te bestaan. DS.)

N.S.: Bydraes deur ons lede tot die *Generale Missive* is hartlik welkom.

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
27 Maart 2023